

September 2026

# Villa Nuus News

**Volume 12** | villanuus@gmail.com | Bougainvilla Aftree-oord



## Hierdie uitgawe


HET JY GEWEET? 2
DIE DROOM BOOM 3
'n NUWE BEGIN 4
DIE TAAIE RATEL 6
DIE STILLE ERFENIS 8
BGAO IN BEELD 9
DIE GESKENK 10
DIE KANON 12
DIS NIE VAARWEL 14
DIE "STRAPPER" 16
POLISIETAAL 17
AFTREDE 18
WOORDSOEK 20

# Het jy geweet
## dat Jakob saam met Lea begrawe is—nie saam met Ragel nie?

Hy het die stil vrou gekies.
Nie die een waarvoor hy gehuil het nie.
Nie die een waarvoor hy veertien jaar gewerk het nie.

Jakob—ja, daardie Jakob—
is langs Lea begrawe, nie Ragel nie.
Laat dit net insink…

In Genesis 49:29–31, toe Jakob naby aan sy dood was, het hy spesifieke instruksies gegee:
"Begrawe my by my vaders… in die grot… daar is Abraham en Sara begrawe… Isak en Rebekka… en daar het ek Lea begrawe."

Lea.
Nie Ragel nie.

Twee verhale.
Ragel was die liefdesverhaal.
Lea was die verbondsverhaal.

Ragel het Jakob se passie gehad.
Lea het sy verbond gedra.

Ragel het langs die pad gesterf (Genesis 35:19).
Lea is begrawe in die familie graf—
die plek van belofte en erfenis.

Die een wat nie gekies is nie
En hier raak dit diep…
Lea was die ongewenste een.
Die een wat oorgesien is.
Die een wat Jakob nooit eerste gekies het nie.

Maar God het.
God se plan is anders
Uit Lea het Juda gekom—
en uit Juda het Jesus Christ gekom.

Laat dit jou skud.
Die vrou wat tweede was in 'n man se oë,
was eerste in God se plan.

Die waarheid wat ons mis:
Ons jaag daarna om "Ragel" te wees—
gesien, begeer, bevestig.
Maar die hemel bou dikwels nalatenskap deur "Lea-seisoene"—verwerping,
stil gehoorsaamheid en
onsigbare getrouheid.

Jakob se finale keuse:
Jakob se begrafnis het nie oor liefde gegaan nie…
Dit het oor belyning gegaan.

Aan die einde van sy lewe het hy nie romanse gekies nie—
hy het verbond gekies.

Die Evangelie fluister:
God bou nie Sy koninkryk
op menslike voorkeur nie.
Hy bou dit op genade.

Lea se lewe skree hierdie waarheid:
Jy hoef nie deur mense gekies te wees
om deur God gekies te wees nie.

Hoop vir vandag;
En deur Jesus—die groter Seun van Juda—
word:
die verwerpte verlos
die onsigbare ewig gesien
die onbeminde volledig geken

As jy soos Lea voel…
As jy vandag voel soos Lea—
vergeet, oorgesien, tweede keuse—
luister mooi:
God sien jou
God gebruik jou
God skryf geskiedenis deur jou.

Kies vandag God se roeping bo mense se goedkeuring.
Van skande na genade-

*Jesus verander alles.*



Geleen en geplaas deur Flippie Fourie

# THEA SE DROOM BOOM




In 2013 is Thea van der Merwe genader om Bougainvilla Aftree-oord se tuin te ontwerp en die boom aanplantings te doen. Plante en blomme was Thea se lewe lank haar liefde en passie. Om haar passie hier in haar aftree-oord te kon voortsit, was vir haar 'n massiewe voorreg. Met skrapse fondse en min tuinwerkers, het sy die taak saam met haar geliefde oorlede man, Pieter, se ondersteuning en fisiese hulp aangepak.

Lang dae en laat aande het gevolg. Bome en struike is teen die billikste pryse gesoek. Lang tuinslange is rondgesleep – dikwels wanneer ander inwoners reeds rustig slaap. Stadig maar seker het Bougainvilla se lieflike tuine begin vorm aangeneem. Maar iets het gekort, en Thea kon dit nêrens opspoor nie … DIE BOOM.

In haar geestesoog kon sy 'n pragtige doringboom voor die ingang van Bougainvila Aftree-oord sien. Kwekery na kwekery is besoek, met haar toe reeds bekende wit bakkie, maar díe boom wat Thea wou hê, was nie te vinde nie.

'n Redelike moedelose Thea en Pieter gaan kuier een Sondagmiddag by vriende op 'n kleinhoewe net Noord van Pretoria. Daar gaan stap hulle die middag in die veld om die kuiertjie af te sluit. Op een plek moes Thea versigtig trap om verby vervalle beton panele (Vibracrete) te loop. Op eens val haar oog op 'n bossie groenigheid wat onder die rand van die stuk beton uitbeur na die lig.

Onmiddellik was sy op haar knieë en bekyk die paar groenerige takkies….dis 'n doringboom se kroon! Dit kon nie hoër of laer nie, Pieter en die vriende moes 'n plan maak om die beton panele te lig. Sy moes die boompie sien. En daar voor haar oë, het die lang verbleekte stam van DIE BOOM gelê. Haar hart het gebokspring, Bougainvilla se boom is gevind!

Vandag staan Thea se droomboom trots en sterk buite Bougainvilla Aftree-oord se hekke, en dui die rigting 'huis toe' vir elkeen van sy inwoners aan.



*Een van **Thea** se rangskikkings in die voorportaal.*

*Berig deur **Elsa Mouton**. Foto: **Faan Roos***



# 'n Nuwe begin

Dit is winter … en ons begin inpak. 'n Nuwe seisoen lê vir ons voor. Die ou dinge kom nou tot 'n einde. Die bekende word agtergelaat. Soms loop die spanning hoog. Wat vat ons saam, wat maak ons met al ons goed?

Nog te veel, weer minder maak tot ons op 'n punt kom, waar dit skielik so bevrydend is.

'n Skoon bladsy. Ons begin oor. Nie omdat ons alles verloor het nie, maar omdat ons weggee. Wat moet ons tog nou ook met soveel goed maak? Ons wil nou rus. Ons laaste goue jare saam in vrede, met nuwe vriendskappe, met 'n rustige omgewing en tyd om in ons Skepper se teenwoordigheid te kan wees.

Soos saad wat in 'n nuwe aangeplante land val, kom ons by Bougainvilla Aftreeoord aan.

Eers lê die saad alleen in die donkerte, totdat dit tyd word om 'n groen blaartjie uit te stoot. Daar is water, lug, lekker warm sonskyn en genoeg voeding om te kan groei. Stadig, stadig strek ons, ons plantjie groei. Hier kan ons blom. Hier kan ons vrug dra. Hier kan ons ons eie vreugde en tuiste vind.

Wat wag, weet ons nie. Ons weet net dat ons veilig in Sy hand is. Ons gryp elke geleentheid aan, om die beste daarvan te maak. Soos Filippense 3:14 sê: "Ek vergeet die dinge wat agter is en strek my uit na wat voor is en jaag na die doel om die prys (hemelse) te verkry van die hoë roeping van God in Christus Jesus." Van nou af vestig ons ons oë op dit wat regtig saak maak.

Ons breek die ou denkpatrone en laat toe dat ons denke vernuwe word.

Ons burgerskap is in die hemel en vandaar verwag ons ons Verlosser. Ons leef met geloof, hoop en liefde.



*Skets deur James*

Deur James en Marlene Pretorius

Namens myself as redakteur van Villanuus, wil ek graag my opregte dank en waardering uitspreek teenoor elke persoon wat 'n bydrae tot hierdie uitgawe van Villanuus gelewer het.

In hierdie uitgawe is 13 interessante artikels - elkeen met sy eie storie en herinnering.

'n Spesiale woord van dank ook aan elke adverteerder wat Villanuus ondersteun. Sonder julle ondersteuning sou dit nie moontlik wees om hierdie publikasie op 'n volhoubare wyse aan ons lesers te bring nie.

Met waardering,
Flippie Fourie

# CHAIR EXERCISES
## AT Bougainvilla





### WE'RE MOVING TOGETHER!

**JOIN OUR CHAIR EXERCISE GROUP**
a space to stay active, improve mobility, and enjoy good company.

No pressure, no rush , just gentle movement at your own pace.

### WEDNESDAYS
### EVERYONE IS WELCOME!

"My grace is sufficient for you, for My power is made perfect in weakness."

*2 Corinthians 12:9*





## COME AND
## *JOIN US!*

- R 200 P/M
- EVERY WEDNESDAY AT 15:00

# DIE TAAIE RATEL



Ek wil julle graag vertel van dié interessante diertjie. Ons sien ratels dikwels op die kamaras op my mooie wildsplaas, Mooimeisjesfontein.

Die naam ratel verwys na die ratelende grommende geluid wat die diertjie maak as hy kwaad of bedreigd voel.

As daar na  iemand verwys word as rateltaai, beteken dit, so persoon is onverskrokke en moeilik om onder te kry.

Die ratel is bestand teen die gif van gevaarlike slange. As hulle deur 'n slang gepik word, word hulle vir 'n rukkie gestuut, maar gou daarna  veg hulle terug en word die slang opgevreed.

Ratels is bekend vir hul liefde vir heuning en byelarwes.

Hulle is eintlik karnivore en vreed ook knaagdiere, akkedisse, paddas, insekte en skerpioene.

Hul anale kliere skei 'n slegte reuk af wat roofdiere verwilder.

Die heuningwyservoëltjie, word dikwels saam met die ratel gesien. Die ratel breek die byenes oop en sodoende word koöperatiewe voordeel verkry.

Die ratel gee geboorte aan haar kleintjies in die veiligheid van 'n gat in die grond. Om die kleintjies teen roofdiere te beskerm, skuif sy die kleintjies gedurig elke paar dae na 'n volgende gat . As die kleintjies omtrent drie maande oud is, verlaat hulle die veiligheid van die gat vir die eerste keer om saam met die ma te gaan jag. Hulle bly lank by die ma om soveel as moontlik van haar te leer hoe om te oorleef. Gedurende die grootmaak proses is die pa heeltemal afwesig.

Ek kyk altyd met groot verwondering na die diere op ons mooie plaas en besef dan net weer, alles is geskape met 'n doel.

*'n Foto van 'n ratel op Rina se plaas.*



*Deur* **Rina Riekert**

## “Wys jou ratel”

Moenie touopgooi wanneer dinge moeilik raak nie. Dit beteken jy moet jou innerlike krag, taaiheid en veggees wys om ’n moeilike situasie te oorkom.

## “So taai soos ’n ratel”

Word gebruik om iemand te beskryf wat fisies of geestelik ongelooflik sterk is. Ongeag die slae wat die lewe uitdeel, breek hierdie persoon nie maklik nie.



# A NEW SEASON. A PLACE TO *Belong.*

Retirement living designed for life's next chapter.



**Gerda Dafel**

076 776 8001

Retirement Property Specialist

> *There is a time for everything, and a season for every activity under the heavens."*
>
> **Ecclesiastes 3:1**

Life is made up of seasons, each bringing its own opportunities, challenges, and blessings. For many, retirement is a season to embrace greater freedom, meaningful friendships, and the comfort of a home designed around the lifestyle you've earned.

Retirement living offers the perfect balance of security, convenience, and community, allowing you to enjoy every day with confidence and peace of mind. Whether you're looking to downscale, simplify, or enjoy a vibrant retirement environment, there is a home waiting for you.

## WHY RETIREMENT PROPERTY?

**SECURE LIFESTYLE LIVING**
Peace of mind in a safe, well-managed environment.

**ESTABLISHED COMMUNITIES**
Make new friends and enjoy a strong sense of belonging.

**LOW-MAINTENANCE HOMES**
Spend less time on upkeep and more time on living.

**STRONG INVESTMENT POTENTIAL**
High demand and long-term value for investors.

**PEACE OF MIND**
For you and your loved ones.

## HOUSES AND FLATS FOR SALE OR RENTAL

### For Sale

**3 Bedroom houses:**
*R1 900 000 - R2 500 000*
**2 Bedroom houses:**
*R1 200 000 - R1 850 000*
**2 Bedroom flats:**
*R850 000 - R950 000*
**1 Bedroom flats:**
*R600 000 - R850 000*

### Rental

| | |
|---|---|
| **3 Bedroom houses:** | *R12 800 - R14 800 p/m* |
| **2 Bedroom houses:** | *R9 000 - R12 800 p/m* |
| **2 Bedroom flats:** | *R8 500 - R9 800 p/m* |
| **1 Bedroom flats:** | *R6 000 - R8 000 p/m* |

## LIVE IN IT. INVEST IN IT. PLAN FOR IT.

Retirement properties are not only wonderful places to call home—they also offer attractive investment opportunities. With an increasing demand for quality retirement living, these properties provide excellent long-term value and rental potential.

**LET'S FIND THE RIGHT HOME** *for your next season.*

**076 776 8001**

I'm here to guide you every step of the way.

**Property.CoZa®** It's good to feel *@ home*

BUYING • SELLING • RENTING • INVESTING | HOUSES | FLATS | RETIREMENT PROPERTIES

# DIE STILLE ERFENIS WAT ONS DRA

Daar is dinge in die lewe wat ons kies… en dinge wat ons eenvoudig ontvang. 'n Kind word gebore, en nog voordat hy sy eerste tree gee, dra hy reeds 'n erfenis. In daardie klein lyfie leef stories voort — iets van sy ma se oë, sy pa se hande, dalk selfs 'n ouma se lag wat lankal stil geword het.

## *Ons noem dit oorerwing.*

Oorerwing is die oordrag van eienskappe van ouers na kinders deur gene—die onsigbare "bloudruk" van die lewe. Hierdie gene bepaal baie van wat ons is: ons voorkoms, ons liggaamlike eienskappe, en selfs sekere neigings wat ons dra.

Maar oorerwing is nie net 'n koue wetenskap nie. Dit is 'n lewende draad wat geslagte verbind.

Meer as 'n eeu gelede het Gregor Mendel met ertjieplante gewerk en ontdek dat eienskappe volgens patrone oorgeërf word. Sommige eienskappe is dominant en kom maklik na vore, terwyl ander resessief is en soms eers later weer verskyn.

Dit laat 'n mens wonder: wat van persoonlikheid?

Navorsing wys dat 'n deel van ons persoonlikheid wel oorerflik is. Ons word gebore met sekere temperamente—of ons byvoorbeeld rustig of lewendig, uitgaande of meer teruggetrokke is. Maar dit is nie die volle prentjie nie.

Ons lewenservarings, ons opvoeding en die mense rondom ons speel ook 'n groot rol in wie ons word.

Met ander woorde, ons erfenis gee vir ons 'n beginpunt—maar die lewe help om ons verder te vorm.

**Persoonlikheid** is wie jy is wanneer niemand kyk nie.

Jou **karakter** is jou permanente handtekening.





Dink daaraan soos 'n saad: gene is die saad, maar die omgewing is die grond, water en sonlig. Dieselfde saad kan verskillend groei, afhangend van waar dit geplant word.

Miskien is die mooiste waarheid dit: ons erf nie net eienskappe nie, maar ook moontlikhede. Ons is nie net die produk van ons verlede nie—ons is ook die skrywers van ons eie verhaal.

*Deur Flippie Fourie*



# BougainVilla in Beeld



# DIE GROOTSTE GESKENK

In elkeen van ons se lewe kom daar tye waar ons wonder of ons werklik 'n verskil maak. Ek het self dikwels so gevoel. Ek kon nie kinders hê nie, en daardie verlange het stilweg deel van my lewe gebly. Tog het ek altyd geglo dat daar ander maniere is om te gee en om vir iemand iets te beteken.

My skoonsuster, Ann, het aan 'n oorerflike niersiekte gely. Jare tevore het sy 'n nier ontvang wat haar lewe verleng het, maar met verloop van tyd het haar liggaam dit begin verwerp. Vir vyf jaar lank het sy gereeld dialise ondergaan—'n uitmergelende proses wat haar kragte stadig getap het.

Toe ek van haar toestand hoor, het ek sonder huiwering aangebied om een van my niere te skenk. Dit was nie 'n maklike pad nie—'n jaar van toetse, wagtyd en voorbereiding het gevolg. Tog het daar 'n diep vrede in my hart gebly dat dit die regte besluit was.

Op 22 Februarie 2013 het ons albei die operasie ondergaan. Dit was suksesvol. Ek het binne 'n paar dae herstel, en Ann kort daarna.

Maar die grootste verandering het nie net fisies plaasgevind nie—dit was iets wat binne-in my gebeur het.

Wat ek gedink het ek vir Ann gee, het uiteindelik vir my die grootste geskenk geword. In daardie daad van gee het ek 'n diepe vervulling ervaar—'n gevoel dat my lewe op 'n besondere manier betekenis gekry het.

Ons almal het dalk nie dieselfde geleenthede nie, maar elkeen van ons kan, op ons eie manier, 'n verskil maak—met 'n gebaar, 'n woord, of 'n daad van liefde.

Dankie, Ann, dat jy my die geleentheid gegee het om te gee. Dit bly vir my die grootste geskenk.

*Deur Alet Penning*

'N TOEGEWYDE LEWE IS IETS WAT JY NIE NET VIR DIE GOEIE VAN JOUSELF DOEN NIE, MAAR VIR DIE GOEIE VAN ANDER.





Hoëgehalte velsorg- en skoonheidsprodukte, net vir jou!




- Sagte, voedende velsorg vir volwasse vel
- Produkte om jou natuurlike glans te verbeter
- Parfuum, bykomstighede & bederfprodukte

Bel of WhatsApp Anne-Marie at 082 563 0816

Dis maklik om te bestel – Ek lewer af by jou deur!

Spesiale Aanbiedinge & Afslag beskikbaar!

AVON Justine

Lyk goed, voel fantasties – skoonheid het geen einde nie!

50+ Welcome

CSi Sales Rentals Property Management
Trustworthy Property Solutions

# SPRING INTO YOUR NEW Home



**Did you know?**
A single honey bee can visit hundreds of flowers on just one foraging trip, collecting nectar and pollen as she goes. All those tiny trips add up — honey bees collectively visit around **2 million flowers** to produce just one pound (454 g) of honey!



## BACHELOR APARTMENT FOR SALE

**R625 000**

Charming bachelor apartment with open-plan living area, modern kitchen, single bathroom and covered parking—designed for comfortable, convenient everyday living.

### Features

- ✓ Bachelor Apartment
- ✓ Spacious Bathroom
- ✓ Well Maintained
- ✓ Single Carport
- ✓ Modern Kitchen
- ✓ Open-Plan Living

SCAN TO VIEW **PROPERTY**




## 1 BED, 1 BATH APARTMENT FOR SALE

**R740 000**

Cozy apartment offering 1 bedroom, 1 bathroom, open-plan living area, balcony, and one covered parking bay in a secure, well-maintained setting- designed for convenient everyday living.

### Features

- ✓ 1 Bedroom
- ✓ 1 Bathroom
- ✓ Single Carport
- ✓ Balcony
- ✓ Modern Kitchen
- ✓ Open-Plan Living

SCAN TO VIEW **PROPERTY**



## 1 BED, 1 BATH APARTMENT TO LET

FROM **R7400PM**

This inviting 1-bedroom apartment offers easy, comfortable living with an open-plan layout, a modern kitchen, private balcony, and a covered parking bay, it's all set within a secure environment


### Features

- ✓ 1 Bedroom
- ✓ 1 Bathroom
- ✓ Single Carport
- ✓ Balcony
- ✓ Spacious Kitchen
- ✓ Open-plan living

SCAN TO VIEW **PROPERTY**

**Contact us today! 060 016 0330**

# Die vervaardiging van die eerste KANONNE in Suid Afrika



*Die Martienie staan by die Ditsong museum*

My oupagrootjie, Martinus, en sy broer Hermanus Nikolaas, het tydens die beleg van Potchefstroom gedurende die Eerste Vryheidsoorlog (1880-1881) toestemming van Genl. Piet Cronje ontvang om 'n kanon te bou vir die Transvalers. Hulle het ook toestemming verkry van Kommandant Henning Pretorius om nuwe wabandyster van 'n winkelier op Rustenburg aan te koop. Die kanon is op die plaas Bokfontein van Martinus Ras gebou.

Martinus Ras se stamvader, Hans Ras, het in 1658 vanaf Duitsland as soldaat in diens van die VOC in die Kaap aangekom en binne enkele dae Vryburger status verkry. Hans Ras is in 1673 oorlede aan sy wonde nadat 'n leeu hom aangeval het. Sy agter-agter-kleinseun, Nikolaas Ras, het aan die Groot Trek deelgeneem en hom in die Standerton-omgewing gevestig. Twee van Nikolaas Ras se seuns, Hermanus Nikolaas en Willem Adriaan het verder getrek en in 1851 noord van die Magaliesberg aangekom. Hier het hulle in 1840 plase bekom. Die Rasse het op Bokfontein en Krokodildrif-Oos hulle bestaan gevoer deur te jag.

Die Ras broers, hul neef Eduard Ras ('n besonder vaardige ambagsman) en hulle seuns het die kanon gebou.

Afgesien van sy veeboerdery het Marthinus Ras ook groot vrugteboorde geplant en veral sitrusvrugte prominent onder die aandag van die bergboere gebring. Van die oorskot vrugte, wat nie bemark kon word nie, het hy mampoer gestook. Hy was op sy dag die grootste mampoer "produsent" in die omgewing.

Die kanonloop is op sy plaas in sy smidswinkel gevorm deur drie holgebuigde wabande, een en 'n halwe meter lank, sorgvuldig aanmekaar te smee om die binneloop met 'n deursnee van ongeveer 89mm te vorm. Die loop is met 'n soliede sluitstuk afgesluit. Oor die hele lengte van die loop is vervolgens witwarm ysterbande gesmee om te verhoed dat die loop uitmekaar sou bars.

'n Korrel, visier, gaatjie om die kruid aan die brand te steek, laaistok en wisterstok het die kanon afgerond. Ronde koeëls van yster en lood is ook gevorm. Laastens is die kanon op 'n wa-agterstel met swaar hegstukke gemonteer.

Die eerste skoot was te swaar gelaai - in springstof terme staan dit as 'n "over kill" bekend. Die ontbrandingskamer het gevolglik gebars en is erg beskadig. Die ou model is versterk en is toe suksesvol getoets. Nie alleen was dit 'n prototipe van "oude Grietjie" nie, maar inderdaad 'n verbeterde weergawe. Die kanon is "Martini" gedoop. Kommandant Sarel Eloff het "Martini" kom haal en op 8 Januarie 1881 is begin om die Engelse fort vanaf 'n randjie buite Rustenburg, met koeëls van 3.5 kg te bestook.

'n Britse verslag het later gemeld dat 59 skote afgevuur is. Ongelukkig word nie gemeld hoeveel daarvan trefskote was nie!

Met dié sukses agter die rug het Marthinus sy tweede kanon gebou en hom die "Ras" kanon genoem. Sy koeëls was 50mm dik en 100mm lank. Die loop was 1.675m lank met 'n visier. Dit is as 'n pronkstuk beskryf - met 'n slanke gladde vorm.

Na die oorlog is die kanonne aan die regering oorgedra wat 100 pond vergoeding aan die Ras broers betaal het. Daaruit het hulle die wabande betaal en van die geld wat oorgebly het, kon elke lid van die span vir hom 'n splinternuwe fluweelbroek koop.

Albei kanonne bestaan nog steeds. "Martini" staan by Ditsong museum in Pretoriusstraat. Ras is in die Krugerkamer by die Voortrekker monument. Hierdie was die eerste kanonne wat volledig in Suid Afrika vervaardig is.

Die storie van my voorvaders het my van jongs af geinspireer om my eie kanon te bou. Ek word gereeld genooi om by begrafnisse, troues, verjaarsdae en kulturele geleenthede op te tree.



1. Vir optredes kontak David Ras skriftelik by: davidtradbow@gmail.com
2. Die uitnodiging moet dag, tyd en plek vermeld.
3. Koste sal met uitnodiging bepaal word.

*Deur David Ras*




# Dis nie vaarwel, maar eerder tot weersiens!



Hier het Dinie haar diens van barmhartigheid voortgesit. Gou is sy tot die Direksie verkies, waar sy verantwoordelikhede aanvaar het vir spyseniering, kommunikasie en die Versorging Sentrum.

Dinie se vriendelikheid en bereidwilligheid om altyd te help sal beslis onthou word.

Dinie gaan by haar dogter hier in Pretoria bly, so sal sy nog gereeld vir die inwoners van Bougainvilla kom kuier.

Die inwoners wil Dinie verseker van hul opregte dank en waardering vir die diens wat sy gelewer het.

Op Bougainvilla se Facebook Blad, word die wens deur Corrie Broodryk uitgespreek dat:"die nuwe hoofstuk in Dinie se lewe met geluk, vrede en baie mooi oomblikke gevul sal wees".

Berig en foto van Dinie *DEUR* **Corrie Broodryk**

Na jare se onbaatsugtige diens aan die weeskinders van die destydse Suid Afrikaanse Spoorweë en Hawens, het Dinie na haar man, Wessel, se dood na Bougainvilla Aftreeoord verhuis.






# DIE "STRAPPER"

Ek het so 'n tydjie gelede hierdie storie op my fb geplaas en dit goed gedink om dit ook op hierdie blad te plaas, want dit roep 'n klomp herinneringe van lank gelede op. Hou net in gedagte dat die oorspronklike plasing deur vriende gelees is, wat nie so vertroud met die Spoorweë se dinge was nie.

Sien ek was 'n spoorwegkind. My pa was 'n grofsmid (blacksmith) op die destydse Spoorweë - vandag beter bekend as Transnet. Al Transnet se werknemers en gesinslede het destyds jaarliks 'n vrypas gekry - dis nou 'n gratis treinkaartjie en het niks met vry te doen nie. Daarmee kon ons dan gratis dwarsoor die spoornetwerk van SA en SWA met die trein ry. Die meeste van ons gesin se vakansies het ons dus vanaf Kaapstad met die passasierstrein of soos ek as klein laaitie dit, die "slaaptrein" genoem het. Ons het altyd vir my oupa en ouma op Swellendam vanaf Kaapstad met die trein gaan kuier, dis nou voordat my ouers 'n motortjie, nogal 'n Ford Prefect, aangeskaf het. Ons het dikwels ook met die Transkaroo Johannesburg en Pretoria toe gery. So nou en dan Pietermaritzburg of Durban toe met die Oranje-sneltrein. Dit was feitlik 2 dae en 2 nagte se salige "getik-tak-tik-tak" soos daai ysterwiele oor die spoorlaste rol.

As my ma nie die rottangkosmandjie, met gekookte eiers, frikkadelletjies, botter toebroodjies en ja die fles met warm koffie gepak het nie, het ons in die eetsalon gaan eet. Kyk, dit was nou grênd om daar te gaan eet. Met die gestyfde linne servette, baie messe en vurke en lepels, het ek as kind my eerste tafeletiketles gekry. Mens gebruik mos die eetgerei van buite af binnetoe en jy eet met 'n toe mond. Ek kon destyds net nie verstaan dat jy jou poeding met 'n lepel én vurk moes eet nie. Ek moes al my kos eet, groente ook, want dit het volgens my ma en pa, duur gekos om daar te gaan eet. Die kelners wat jou kos, ook so met 'n lepel en vurk, aan tafel kom inskep het, het gelukkig kleinerige porsies vir ons kinders ingeskep, so ek het nie te veel met die groente gesukkel nie. Ek dink natuurlik vandag heeltemal anders oor sop, pampoen en groenboontjies!

Wat ek eintlik by wil uitkom, is die tyd toe ek in die 1974 Desembervakansie, as "strapper" of oorlaaikruier in goeie Afrikaans, op die treine gewerk het. Dit was na my 2de jaar op Maties. Ek moes darem so 'n ekstra geldjie verdien. Ek meen te sê, my meisie (vandag nog my vrou) het my toe al geld gekos. Kyk, dit was baie harde werk, veral in die nagtelike ure. So nou en dan het ek darem so 'n paar dagskofte ook ingekry, maar die werk was nie makliker nie.




Net om gou te verduidelik wat 'n "strapper" is. Dis die ouens wat die kondukteur of "guard" op die agterent van die trein moes help om alles wat die passasiers "opgeboek" het, dis nou die bagasie, pakkies, goedere en possakke wat iewers "along the line", af te laai. Natuurlik moes ons by die stasies op die pad (of is dit nou op die spoorlyn) ook help oplaai. Ewenwel, jy moes jou oplaai en aflaai ken. Jy het later die volgorde van die stasies op die roete uit jou kop geken, want die goedere moes weer so afgelaai word. Dit wat weer opgelaai word, moes nou weer by die regte bestemming se bondel gepak word, reg vir die aflaai. Hoop julle kry die prentjie!

Die moeilikste trein wat ons gewerk het, onthou ek, was die Transkei-trein of soos dit in die Spoorweg-volksmond bekend was, die "landtrein". Veral die een wat Sondagaande om 18:00 van Bellvillestasie na Umtata vertrek het. Die meeste passasiers was die werkers wat huiswaarts, terug "land" toe gekeer het. Nou hierdie trein het letterlik by elke stasie of "siding" gestop om passasiers op of af te laai en natuurlik ook hul "opgeboekte" bagasie. 'n "Siding" is nou maar net 'n stop langs die spoorlyn. Dit het wel 'n naam, maar daar is geen formele stasie met platforms nie. Daar was net 'n sylyn waar trokke getrek kon word, waar boere hul produkte kon op- of aflaai. Dikwels moes die trein ook daar aftrek sodat sneltreine soos die Transkaroo of Bloutrein wat voorrang geniet het, kon verbyry.

Die moeilike ding op daardie Transkei-trein was om daai passasiers se bagasie en goed in daardie kondukteurswa of "Kaapie" in te kry en dan te pak, dikwels by gebrek aan spasie, tot teen die dak. Ons strappers se nagmerrie was die passasiers wat vir hulle een van daai groot sinkbaddens gekoop het, tot oorlopens toe vol gepak het en dan met hessian (sak) oorgetrek het dat hy so met 'n boggel na bo gestaan




het. Kyk nou moes jy mooi pak dat die goed wat bo-op gepak word, nie weer daar af foeter nie! En ja, so kry jy natuurlik nou weer die treindrywers of masjieniste (soos juf Dreyer, my Afrikaanse onderwyseres, ons mooi op skool geleer het) wat rukkerig ry, dalk moedswillig, salig onbewus van ons arme strappers se dilemmas aan die agterent. Soos gesê, as daai trein so rukkerig wegtrek, dan foeter daai tasse, sakke en wat ookal "opgeboek" is, daar van bo af en voor jy jou kom kry, dan stop die trein al weer by die volgende stasie of siding, weer met 'n geruk!

Die ander erge ding op daardie trein, was die diere wat die passasiers terug "land" toe gevat het.

Dit was veral honde en hoenders. Die hoenders was in sulke lendelam hokke met heiningdraad "verpak", maar "land" toe moes hulle saam, seker vir die kersmaal! Die arme honde het ons in spesiale hokke in die kondukteurswa gelaai. Die arme dierasies was so verskrik, dat hulle daai hele hok bedinges het en daai reuk die heelpad saam met jou is.


Nee kyk, ek het my geld deur en deur verdien op daai trippies. Daar's wel nog so 'n paar strapper- en treinervaringe wat ek later sal deel as ek julle nie verveel nie.

Groetnis.
Chrisjan (skuilnaam)

*(Wonderlike herinneringe "Chrisjan"! Ons sien uit na jou volgende omswerwings!)*



*Deur* **Chrisjan** (skuilnaam)



# Polisietaal

Vandag se storie is bietjie anders. Nie die waarheid soos my ander, maar geskryf in Polisietaal. (As Polisiemanne/vroue het ons, ons eie taal gehad - woorde wat nie in die HAT Woordeboek of Oxford Dictionary voorkom nie).

Tydens opleiding as blougatte (nuut aangestelde lid) met bicyclenommers (magsnommer) het die koffiespeurders (menasie personeel) ons dik gevoer met spuitworsies (Russians). Die meelmuis (logistieke klerk) het  ons uitgereik met ons uniforms. Ons ruik nog na naftaleen, of daar word ook gesê ons ruik nog na store wanneer ons by die orewinkel (polisiestasie) arriveer. Die 303 (kaptein - drie sterre op die een skouer, niks in die middel en drie sterre op die ander skouer) verwys na ons as schoolboys (lede wie die vorige jaar nog op skool was). Ons het nog ysterpakke (polisie uniforms) gedra, terwyl die lapbaadjies (speurders) siviele klere dra. Die ganglopers (administratiewe personeel) het die administrasie ten opsigte van ons aankoms gefinaliseer. Ons is gewaarsku dat as ons nonsens aanjaag, ons op die nagtrein gesit sal word (word verplaas na ander stasie binne 24 uur).

Gewapen met 'n loodkettie/katboud (handwapen) en Polisie Parker ( Bic pen) rapporteer ons die volgende oggend om 6 uur aan diens. Na 'n polisie brêkfis (pie en Coke) is ons gereed vir 'n dag se werk. By die polisiestasie is daar "re-treads" (afgetrede lede wie weer diens aanvaar het), "run away come backs (lede wie bedank het en weer aangesluit het) en "rent a cops" (lede van die Weermag wie hul diensplig in die polisie verrig).

Die rook en rubber squad (blitspatrollie) is ook  aan diens. By ongelukstonele is die aasvoëls (insleepdiens) en pyn polisie (ambulansdiens) ook teenwoordig. Lyke is vanaf die toneel weggery met 'n fêntjie.

Ernstige sake is ondersoek deur die Ruk en Verwurg Bende (Moord en Roof),  bedrogsake deur die tjekboek "squad" (Handelstak), die sandspeurders

(Goud en Diamant Tak) het sake met warm klippe (ongeslypte diamante) ondersoek en Bees Spietkops (Veediefstal Eenheid) waar vee gesteel was. Die Molle (Veiligheidstak) het geskryf met uitveërs. Pedofiele was bloeiseldiewe. As daar 'n klipgooi was, het die draadkar bende (Onluste Polisie) die toneel gemonitor, saam met die Braktak (Honde Eenheid) en hul blikbekke (polisiehonde).

As jy beseer was het die "Aspro Mechanic" (mediese ordonans) jou behandel. Verdagtes is verteenwoordig deur agente (prokureurs) van die liegwinkel. 'n Hardeklap was verwys na Artikel 5 van die Strafproseswet of 'n boereslaappil.

Spoorwegsake was hanteer deur die stasieblompotte of sommer die Choechoe Puff 911 (Spoorweg Polisie). Verdagtes was aangehou in die woonstel sonder meubels (polisiesel). Die Das, Tas en Poeier Squad het vingerafdrukke gelig by misdaadtonele. Aan lede wie hul slim gehou het, is  gesê: "Ek verplaas jou met 'n sakkie sement, sodat jy jou eie polisiestasie kan bou".

Na die media is verwys  as Nuushonde. Die Devil Dodger (kapelaan) en Snik en Bid Tannies (maatskaplike werkers) het die stasie gereeld besoek. As jou "koppie raas", het jy die kopkrimper (sielkundige) besoek. As jy jouself wangedra het, is jy op stoutverlof (skorsing) geplaas.

Sataniste was katbraaiers. Hofordonnanse was hofdonkies.

As iemand dronk was, was hy sosiaal uitgeput.

Wanneer jy nagskof gewerk het en 'n offisier gaan die stasie kom besoek, word daarna verwys dat die sterre skyn of as daar nie sprake is van 'n besoek nie is daarna verwys as  dit  is bewolk. In die Aanklagte-kantoor word alles aangeteken in die "Book of lies" (Voorvalleboek).

*So is daar nog baie ander woorde en gesegdes.*




*Deur 'n veteraan polisieman*

# 'n Lewe in Bougainvilla Aftree-oord.

Daar is iets besonders aan 'n nuwe begin. Dit hoef nie altyd groot en dramaties te wees nie. Soms begin 'n nuwe hoofstuk met 'n nuwe kalenderjaar, 'n nuwe huis, 'n nuwe vriend of selfs net die besluit om môreoggend eerder die blou hemp as die groen een aan te trek.

Ons dink dikwels aan 'n nuwe begin as iets wat vir jongmense bedoel is. 'n Nuwe werk. 'n Eerste huis. 'n Nuwe verhouding. Kinders wat die huis verlaat. Maar wie sê dat 'n mens op 'n sekere ouderdom klaar begin het? Die lewe het gelukkig nie 'n "Laaste Hoofstuk"-knoppie wat outomaties aanskakel wanneer jy aftree nie.

Inteendeel. Aftrede kan juis die begin van 'n besonderse nuwe fase wees.

Vir baie van ons beteken dit dat die wekker uiteindelik nie meer die baas van ons lewens is nie. Maandagoggend het skielik nie meer dieselfde dreigende betekenis nie. Ons kan koffie drink sonder om elke twee minute na die horlosie te kyk. Ons het tyd om 'n boek klaar te lees, 'n nuwe stokperdjie aan te pak, saam met vriende te kuier of sommer net vir 'n rukkie by die venster uit te staar sonder om skuldig te voel.

Die trek na Bougainvilla Aftree-oord bring vir baie afgetredenes hierdie nuwe begin. Om te verskuif na 'n omgewing wat spesifiek ontwerp is vir hierdie besondere fase van ons lewens, verander 'n mens se lewe dikwels ten goede. Die bekommernisse oor 'n groot huis- en tuinonderhoud verdwyn, wat plek maak vir rustigheid en gemoedsrus. Hier vind ons 'n ondersteunende netwerk waar bure gou vriende word, en waar goeie sekuriteit ons die vryheid gee om die nuwe fase sonder stres te begin.

En natuurlik bring hierdie nuwe begin ook nuwe uitdagings.

Wanneer jy jare lank op 'n sekere manier geleef het, is dit nie altyd maklik om skielik jou roetine te verander nie. Jy ontdek dalk dat jy nou meer tyd het en dat jy geen idee het wat om daarmee te doen nie. Die eerste paar dae klink dit wonderlik. Teen die derde week begin jy egter die gordyne volgens 'n vaste skedule oop- en toemaak.

Dis waar nuwe belangstellings en nuwe mense inkom.


Miskien is daar 'n aktiwiteit wat jy nog altyd wou probeer. Verf, tuinmaak, stap, handwerk, kaartspel of 'n oefenklas (almal natuurlik aktiwiteite wat hier by Bougainvilla aangebied word). Jy mag dalk ontdek dat jy 'n talent het waarvan niemand geweet het nie.

Nuwe beginne gaan ook oor mense. Een van die mooiste dinge van 'n aftreegemeenskap soos Bougainvilla is dat daar soveel geleenthede is om nuwe vriendskappe te vorm. Party mense ken mekaar al jare, terwyl ander eers onlangs hier aangekom het. 'n Eenvoudige "Goeiemôre" in die gang kan die begin wees van 'n gesprek, 'n koppie koffie en uiteindelik 'n kosbare vriendskap. En wanneer ons inskakel by ons nuwe omgewing (gang- of straat-groepe), sal ons gou besef, Bougainvilla is meer as 'n aftree-oord, dis 'n veilige hawe.

'n Nuwe begin beteken egter nie dat ons die verlede moet vergeet nie.

Ons dra ons herinneringe saam met ons. Die goeie én die moeilike. Die mense wat ons liefgehad het, die plekke waar ons gewoon het, die dinge waarop ons trots is en selfs die foute waaroor ons vandag met 'n bietjie meer humor kan terugkyk.

Die geheim is om nie so vas te hou aan wat was, dat ons vergeet om te geniet wat ons vandag en môre kan beleef nie! Dit is net die begin van die volgende hoofstuk.






# Die stokou tannie.

Het jy al ooit, wanneer jy na iemand van jou eie ouderdom kyk, gedink: "Sekerlik kan ek nie só oud lyk nie?" My naam is Hennie en ek het in die wagkamer gesit vir my eerste afspraak by die nuwe tandarts. Haar graad het teen die muur gehang. Toe ek haar volle name sien, skrik ek.

Skielik het ek 'n lang, aantreklike blonde meisie met dieselfde naam onthou wat meer as vyftig jaar gelede saam met my op hoërskool was. Kon dit dieselfde meisie wees op wie ek destyds in die geheim verlief was?

Toe ek haar sien, het ek egter vinnig daardie gedagte laat vaar. Hierdie stokou tannie met die diep gegroefde gesig was veels te oud om my klasmaat te kon wees.




Nadat sy my tande ondersoek het, vra ek haar of sy in Hoërskool Jan van Riebeeck was. "Ja, ja, ek was!" het sy trots geglimlag.

"Wanneer het jy gematrikuleer?" vra ek.

Sy antwoord:"In 1969. Hoekom vra jy?"

"Jy was in my klas!" roep ek uit.

Sy kyk my stip tog vraend aan. Toe vra daardie ou, vaal, verrimpelde afgeleefde vrou my:

**"Watter vak het jy gegee?**





# WOORDSOEK:

GESEGDES MET 'OOR'.

SOEK NET DIE VETGEDRUKTE WOORD.

# iemand ore **aansit**
# die **ene ore** wees
# iemand se ore **hang**
# iemand se ore **tuit**
# 'n mens kan **mielies** in sy ore plant
# nog **nat** agter die ore wees
# dis net die ore van die **seekoei**
# tot oor die ore **verlief** wees

# **blompotte** vir ore hê
# van oor tot oor **glimlag**
# **husse** met lang ore
# jou ore **uitleen**

# tot agter die ore **bloos**
# met 'n **halwe** oor luister
#  iets in jou oor **knoop**
#  tussen neus en ore **verdwyn**
#  klein **muisies** het groot ore
# **pluisies** in die ore hê
# jou ore **spits**
# iemand deur die ore **werk**

| | | | | | | | | | | | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| X | I | N | N | M | N | G | N | A | H | U | U | X | V | J | V | K | C | V | W |
| M | A | M | X | A | N | Y | I | U | G | B | R | Q | N | Z | G | P | R | D | L |
| T | M | O | Q | H | S | S | W | R | P | L | U | I | S | I | E | S | L | E | O |
| J | U | U | O | E | E | T | E | D | E | F | M | H | F | Q | R | D | W | P | W |
| E | R | R | G | I | W | Y | X | P | R | S | E | G | A | C | X | V | V | L | Z |
| S | O | O | L | B | D | O | B | S | J | E | O | P | A | L | U | E | I | V | M |
| X | H | E | G | E | B | S | Y | F | U | Q | V | Z | N | D | W | E | S | R | P |
| D | I | J | P | O | T | X | M | V | I | N | H | M | S | H | L | E | Y | I | M |
| M | R | O | K | N | O | O | P | E | X | H | J | G | I | H | J | M | I | O | S |
| F | D | L | D | U | X | U | T | U | F | U | V | E | T | N | I | H | E | N | S |
| Z | G | B | U | R | M | T | K | I | B | S | H | Y | O | S | T | Q | N | N | E |
| H | A | H | J | G | O | X | Q | D | T | S | U | F | E | I | L | R | E | V | E |
| S | L | W | S | P | I | T | S | T | M | E | I | I | N | C | R | E | O | C | K |
| T | M | V | M | U | F | E | I | E | U | D | S | K | I | O | L | R | R | V | O |
| X | I | O | D | M | X | I | Y | S | Z | I | E | S | L | T | P | J | E | B | E |
| E | L | O | M | I | R | A | S | Z | U | T | T | P | I | G | X | J | R | V | I |
| B | G | R | N | S | S | B | D | M | S | Y | H | U | Y | P | U | J | F | Y | W |

Bougainvilla

AFTREEOORD